Acta Theologica 2003: 2

# DIE IMPAK VAN DIE VERBOND OP 'N PARADIGMA VIR PASTORAAT

J. Janse van Rensburg[1] & L. Hoffman[2]

## ABSTRACT

## IMPACT OF THE COVENANT ON A PARADIGM FOR PASTORAL CARE

This article points out that the covenant has a more comprehensive impact on pastoral care than other paradigms. It is indicated that the contents communicated to the believer as well as the techniques used are influenced by a covenantal paradigm for pastoral care. From a covenantal perspective, a believer can be equipped to regard his/her life within the framework of the covenant. The actions and experiences of the believer are influenced by this sentence: "I will establish my covenant between me and you and your descendants after you … to be your God and the God of your descendants" (Gen. 17:7)

## ABSTRAK

Die verbond het 'n meer omvattende impak op pastorale sorg as ander paradigmas. Genoemde stelling word in hierdie artikel beredeneer. Daar word aangetoon dat die inhoud wat aan die gelowige gekommunikeer word, asook die tegnieke wat gebruik word, deur 'n verbondmatige paradigma vir pastorale sorg beïnvloed word. Vanuit 'n verbondmatige perspektief kan gelowiges toegerus word om hulle lewe binne die raamwerk van die verbond te sien. Alles wat 'n gelowige doen en ervaar, word beïnvloed deur hierdie sin: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen. 17:7).

## 1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Pastoraat word vanuit verskeie benaderingswyses beoefen. Elke benaderingswyse het 'n ander impak op die formulering van die paradigma en die verdere toepassing daarvan in die pastoraat. In die daarstelling van 'n paradig-

1 Prof. J. Janse van Rensburg, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

2 Dr. L. Hoffman, Doktorale student, Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

ma vir pastoraat meld die literatuur veral die volgende kategoriale keusemoontlikhede: bipolariteit (Heitink), verandering (Gerkin), kommunikasie (Clinebell), *koinonia* (Detwiler-Zapp & Dixon 1982:5) en eskatologie (Louw). Hoe meer omvattend die vertrekpunt, hoe groter die impak daarvan op die paradigma en op die toepassing daarvan in die pastoraat. Indien die verbond as só 'n kategoriale keusemoontlikheid benut word, moet ondersoek word watter verrykende lig dit op paradigmavorming en op pastoraat werp.

## 2. NAVORSINGSHIPOTESE

Die verbond het 'n besondere impak op 'n paradigma vir pastoraat. Hierdie impak kan waargeneem word in alle elemente van so 'n paradigma, asook in tegnieke en hulpmiddels wat in pastoraat gebruik kan word.

## 3. NAVORSINGSMETODIEK

Die verstaan van die term "verbond" word belig vanuit eksegetiese, hermeneutiese en dogmatiese hoek. Daar word voortgegaan om aan te toon watter impak die verbond op ander kategoriale keusemoontlikhede asook op die oordra van dogmatiese aspekte het. By wyse van voorbeeld word slegs na vier dogmatiese aspekte verwys. Laastens word die impak van 'n verbondgefundeerde paradigma op enkele praktykteoretiese aangeleenthede kortliks uitgewys.

## 4. HOE WORD VERBOND VERSTAAN?

### 4.1 Eksegeties en hermeneuties

Die saak van die verbond vorm 'n verwysingsraamwerk vir die hele openbaringsgeskiedenis (Wentsel 1982:146). Statisties kom die term verbond 287 maal in die Ou Testament en 33 maal in die Nuwe Testament voor. Rendtorf (1998:13) wys op drie formules wat vir die verbond in die Ou Testament gebruik word: "Ek sal vir jou 'n God wees", "Jy sal vir my 'n volk wees" en "Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal My volk wees". Trouens, laasgenoemde is die sin wat die meeste in die Bybel voorkom (König 1991:14).

### 4.2 Dogmaties en histories

Elke tema of lokus in die Dogmatiek vertoon 'n verbondsperspektief (Heyns 1988:200). Die dogmageskiedenis ken verskeie definisies vir die verbond. Von Rad (1962:125) verwys byvoorbeeld na die verbond as die

heelheid van 'n verhouding van gemeenskap, 'n staat van harmoniese ekwilibrium, die balansering van alle aansprake en behoeftes tussen twee partye. Andersyds word die term "berith" gesien as verwysend na 'n soewereine en genadige selfverpligting en beskikking van God met betrekking tot sy volk, aldus Jonker (1989:179). Hiervolgens lê sy liefde beslag op hulle en verplig hulle tot 'n dankbare lewe voor sy aangesig as 'n geheiligde gemeenskap.

### 4.3 Sentripitale en sentrifugale aspekte van verbond

Die wyse waarop 'n mens se ego vorm, werp bepaalde lig op die verbondsverhouding met God (Brueggemann 1999:5 e.v.). 'n Pediatriese sielkundige, Winnicot (1965), het uit sy waarnemings en studies tot bepaalde gevolgtrekkings gekom rakende die vorming van 'n jong kind se ego en die invloed daarvan op die res van die persoon se lewe. Die band tussen moeder en baba speel 'n belangrike rol in die vorming van die ego.

Aanvanklik is die baba onder die indruk dat die ander, die moeder, bestaan om in al sy/haar behoeftes te voorsien. Mettertyd leer die baba dat die moeder 'n lewe buite sy/haar eie klein wêreld het en dat hy/sy 'n eie gedefinieerde self is, wat kan funksioneer sonder die moeder se konstante insette. In die proses leer die baba die vaardighede aan om soms hom/haarself te handhaaf en soms toe te gee. Hierdie twee vaardighede is belangrik in alle verhoudings met ander.

Binne die verbondsverhouding speel hierdie vaardighede, asook die vorming van die ego, 'n belangrike rol (Brueggemann 1999:5 e.v.). Deel van 'n verbondsverhouding beteken om die vaardigheid en sensitiwiteit aan te leer om beide die moed te hê om jou saak ernstig te stel (in klaagliedere en worsteling met God) en die genade om jouself aan die Ander oor te gee (in lofprysing en gehoorsaamheid aan God).

## 5. OMVATTENDHEID VAN VERBOND AS KATEGORIALE KEUSEMOONTLIKHEID

Uit die literatuur is dit duidelik dat 'n paradigma vir pastoraat gewoonlik vanuit een van vyf kategorië opereer. Die verbond as kategoriale keusemoontlikheid word in die volgende paragrawe telkens hiermee vergelyk.

### 5.1 Bipolariteit

Die bipolêre spanningsverhouding tussen God en mens speel 'n belangrike rol in Heitink se pastorale model (Heitink 1977). Die impak van die verbond op hierdie aspek in 'n paradigma is van groot belang. Binne die kader

van die verbond is daar nie ruimte vir 'n bipolêre spanningsverhouding as dit komplementariteit veronderstel nie (Janse van Rensburg 1996:157). Die verbond fokus op God wat in genade tot die mens nader. Maar selfs die mens se reaksie op God se inisiatief is die genadewerking van God (Ef. 2:8).

'n Aspek van die bipolariteit in die verhouding tussen God en mens is die spanning wat daar tussen God en mens kan ontstaan. Waar die verbond korrek figureer, kan die pastorale riglyne vir skuldbesef en berou deurgetrek word. Verbondsbreuk word ervaar as 'n saak van smart (Ps. 32 en 51). Verbondsherstel bewerk vreugde en herstel (De Klerk 1985:85-86). Die impak van die verbond op paradigmavorming en die vergestalting daarvan in pastoraat sal 'n vieringsgeleentheid tot gevolg hê. Bevryding van skuld kan binne die pastorale gesprek 'n vieringsgeleentheid word. Die genadeverbond maak dit moontlik en noodsaaklik om die skuldlas by die kruis af te werp en vergifnis te ervaar. Christus as Verbondshoof maak dit alles op 'n besondere wyse waar. Die spanning tussen God en mens word tot 'n intieme verhouding omgebuig — 'n hemelse Vader wat vir sy kinders wil sorg (Janse van Rensburg 1996:159).

## 5.2 Verandering

Pastoraat wil op allerhande wyses verandering in die lewe van die persoon wat aanklop om hulp, tot gevolg hê. Dit word op verskillende maniere in elke pastorale model verwoord. Woelderink (1974:127) verklaar dat in die verbond "bereikt de mensch als beelddrager Gods zijn bestemming, hier hebben we eerst te doen met de leven des Geestes". Die bestemming van die verandering is by uitstek te vind in die verbond. Die verbondmatige inkleding van pastoraat sal die veranderingsproses die beste kan begelei.

Vervlegtheid van die individuele gelowige met sy/haar mede-bondgenote moet in ag geneem word in die verandering wat in en deur pastoraat bereik wil word. Verandering behoort nie net die individuele gelowige te raak nie, maar ook die verbondsvolk. Binne die pastorale konteks sal die impak ook vir die sistemiese verbonde geld waarbinne die kliënt hom/haar bevind, naamlik die gesin, die kerk, die samelewing, die kultuur (Clinebell 1984). Daar is dan 'n wederkerigheid in die veranderingsimpak: veranderinge in die sisteme kan lei tot verandering binne die kliënt, en omgekeerd. Binne 'n verbondmatige verhouding kan 'n gesin/huweliksmaat se hulp en samewerking bekom word om destruktiewe gedrag binne die sisteem aan te spreek en te verander sodat die vermanings op die kliënt 'n veranderende uitwerking kan hê. Die verbondsformule kan hierin 'n groot rol speel om rolspelers tot 'n verbintenis te motiveer.

## 5.3 Kommunikasie

Teologie is 'n geloofsleer wat poog om die verbondmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan mense binne kontekste te kommunikeer (Louw 1998:126). Atkinson (1985:59) merk hieroor op dat God sy verhoudings deur gesprek aanknoop. Die verbondsverhaal van Abraham en Moses toon 'n reaksie van getroue gehoorsaamheid hierop. Kommunikasie speel 'n belangrike rol in die verbondsverhouding tussen God en mens.

Waar pastoraat 'n uitbeelding van die verbond is, speel kommunikasie dus 'n belangrike rol (Becker 1965:9). Becker dring aan op die noodsaaklikheid om God se Woord in die pastorale situasie te laat spreek sodat die pastorale verbond sy doel kan bereik. Die dupleuriese aard van die verbond veronderstel 'n wederkerigheid in die pastorale proses, waardeur die kliënt verantwoordelikheid aanvaar om by die pastorale proses alles te doen wat voorhande is om die persoon in beraad te help. Hierdie resiprositeit vind 'n neerslag in die vestiging van rapport asook in die kommunikasie.

## 5.4 Koinonia

Die verbond is hoofsaaklik 'n verhouding-gerigte werklikheid (König 1991:15-18). Die Verbondshoof Christus se hartsbegeerte word vervul waar mede-bondgenote mekaar lief het en vir mekaar sorg (Janse van Rensburg 1996:157). Die verbond is 'n korporatiewe verhouding waarin gelowiges gesamentlik opgeneem is. Die gemeente is verbondsgemeente en word so beskou en aangespreek. In hulle koinoniale binding is die gemeente gesamentlik op weg na die volkomenheid van God se verbondswerk in die voleinding (Kamphuis 1984:38).

Thurneysen (1957) se bydrae in hierdie verband moet nie onderskat word nie. Die gemeentelike konteks waarin die pastoraat plaasvind, bied 'n ideale konteks vir pastorale sorg en beraad. Dit is byvoorbeeld moontlik dat die verbondskonteks van die gemeente deur lekepastoraat benut kan word. Clinebell (1984) het die belang van hierdie aspek ingesien en deeglik ontgin. Die koinoniale gerigtheid en die verbondmatige verantwoordelikheid wat vir mekaar in die gemeente aanvaar word (1 Kor. 12:26), verleng die effektiwiteit van die pastorale verhoudinge.

## 5.5 Eskatologie

Die verbond as God se skeppingsdoel bou 'n besondere beweging en toekomsgerigtheid in die verbondsteologie in (König 1988:362). God is met ons na 'n nuwe werklikheid op weg. Ons mag nou reeds iets van daardie nuwe werklikheid beleef (Woelderink 1974:52). 'n Verbondmatige para-

digma plaas die eskatologie binne die intieme verhouding van die verbond. Die trou van die God van die verbond in die verlede gee sekerheid aan die eskatologiese verwagting. Die eskatologiese verwagting sluit dan ook die verwagting van die hereniging met die Verbondshoof in. Die gelowige ervaar elke dag dat die Here op verskillende wyses die belofte waar maak dat Hy vir hom/haar 'n God sal wees. In die eskatologiese word hierdie verbondsbelofte finaal gekonkretiseer.

'n Belangrike pastorale aanwending van eskatologie is promissioterapie. Promissioterapie, soos deur Louw (1998:518) beskryf, wil die mens rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Die aard van promissioterapie sluit ten nouste aan by 'n verbondgefundeerde paradigma. In paragraaf 6.2 word meer aandag gegee aan 'n verbondmatige inkleding hiervan.

## 6. ENKELE DOGMATIESE INHOUDE VERBONDMATIG IN DIE PASTORAAT OORGEDRA

Dogmatiese inhoude speel 'n belangrike rol in pastoraat. 'n Verbondmatige paradigma sal 'n bepalende invloed uitoefen op die oordrag van hierdie dogmatiese inhoude. Die temas *godsbegrip*, *promissiologie*, *antropologie* en *etiek* word gebruik om die verbondmatige invloed te illustreer. Ruimte ontbreek om meer volledig op ander dogmatiese aspekte in te gaan.

### 6.1 Godsbegrip

Brueggemann (1980:1096) verwys na die moderne mens se beeld van God as dié van 'n seker, triomfantelike God wat geen risiko's neem nie, nie verbintenisse maak en geen pyn op Hom neem nie. Die God van die verbond is egter anders. God het uit die hemel na die aarde beweeg om 'n bondgenoot te vind (Brueggemann 1980:1094). Dit is 'n belangrike bydrae wat 'n verbondmatige benadering tot die godsbegrip voeg. Hierdie verbondsverhouding laat die bondgenote nie onaangeraak nie.

Trouens, Brueggemann (1980:1095) gaan verder deur te sê: dit is sentraal tot die verbond dat God nie sy bondgenoot kan omarm sonder om verander te word deur hulle wat omhels word nie. Die teenwoordigheid van die bondgenoot beïnvloed dus hoe die Here sy godheid uitdruk. Die pastorale gesprek kan juis plaasvind as gevolg van die aanvaarding en belewing van die verbond en trou van die hemelse Bruidegom teenoor die bruidskerk (De Klerk 1985:32).

Daar is verder 'n verband tussen die Bybelse idee van verbond en goddelike heerskappy oor die wêreld (Dumbrell 1984:41). God as Koning

speel 'n belangrike rol in die Bybel. Vanuit die verbond word dit ook nog verder belig. Dat God nou Koning is, is die voorveronderstelling van die verbond. Dit maak dit moontlik dat Jahwe vir Abraham kon sê: "Ek sal vir jou 'n God wees". Dit maak dit moontlik dat die bondeling elke dag kan beleef: die Here is vir my God.

## 6.2 Promissiologie

'n Teologie oor die verbond wat nie tot moed en energie lei nie, is nie die moeite werd nie, aldus Brueggemann (1980:1098). As in ag geneem word dat belofte en vervulling juis 'n belangrike deel van die verbond vorm, word dit duidelik dat 'n verbondmatige perspektief nie anders kan as om die gelowige aan te spoor nie. Trouens, God se beloftes word telkens in die verbondsgeskiedenis nog ryker vervul as wat die beloftes self was (König 1988:363). In die lig hiervan kan "promissioterapie" (Louw 1998:518) baie goed vanuit 'n verbondmatige perspektief toegepas word. Dit word duidelik uit die onderstaande uiteensetting van promissioterapie dat dit baie goed aansluit by 'n verbondmatige paradigma.

- Promissioterapie is aan God se beloftes gekoppel. Hierdie beloftes loop soos 'n goue draad deur die verbondsgeskiedenis.
- Promissioterapie het as onmiddellike effek geloofsgroei en -ontwikkeling.
- Promissioterapie begelei die gelowige om op 'n antisiperende wyse vooruitgrypend deel te hê aan die volheid van die heil.
- Promissioterapie skep 'n toekomsdimensie vir die gelowige. Die Christelike hoop is wesenlik opstandingshoop.

## 6.3 Antropologie

Vanuit 'n filosofiese agtergrond is daar verskillende benaderings tot die antropologie. In 1888 kondig Nietzsche aan dat die nihilisme aangebreek het. Pippin (1991:83) verwys na nihilisme as verwerping van waarde, betekenis en begeerlikheid. Nihilisme klee dan ook die antropologie op 'n definitiewe wyse. Baudrillard sien die massamedia en kommunikasie as 'n metafoor vir lewe. Die voortgaande simulasie van die televisie met die werklike lewe veroorsaak dat sosiale interaksie en die gesinslewe stadig aan die uitsterf is (Baudrillard 1988:18). Verbruikersdruk, nuttigheid en ander metafore gee uitdrukking aan die perspektief wat by sommige mense bestaan dat hy/sy in hom/haarself gegrond is (Gouldner 1976:42). Vanuit die verbond word egter 'n ander mensbeeld duidelik as die een wat deur bogenoemde aanhalings verteenwoordig word.

Vergelyking van verskillende teoloë toon ook verskille in antropologie. Terwyl Hiltner en Heitink geneig is om die mens te oorskat, is Thurneysen en Adams geneig om die mens te onderskat. 'n Verbondmatige benadering tot antropologie bied 'n belangrike korrektief op 'n antropologie wat geneig is om die mens te onderskat of te oorskat. Die sin en betekenis van 'n mens se lewe lê in die verbondenheid aan Iemand buite hom/haarself (Berkouwer 1957; Brueggemann 1979). Die mens se identiteit word ook duidelik in die doop. In die doop word die bondeling se naam aan die drie-enige God gekoppel (De Klerk 1985:24).

Om binne 'n verbondsgemeenskap met God te leef en na Sy beeld geskape te wees, is die twee sake wat die unieke aard van die mens uitdruk (Gerber 1990:55). Die verbondsgemeenskap sluit ook alle ander bondgenote in wat saam deel is van die volk van God. Die wyse waarop 'n persoon in die verbondsverhouding tot God staan, is in 'n sekere sin ook die wyse waarop in verhoudings met ander mense gestaan word. Daar is reeds in paragraaf 4.3 verwys na die twee aspekte van toegee en selfhandhawing in die verbond. Deel van 'n verbondsverhouding beteken om die sensitiwiteit en vaardigheid aan te leer om beide die genade te hê om jouself oor te gee aan die Ander, en die moed om jou saak ernstig te stel (vergelyk Brueggemann 1999:5 e.v.). Hierdie vaardighede word ook toegepas in ander verhoudings waarin die persoon staan. Verbond en antropologie sal in verdere publikasies meer volledig uiteengesit word.

## 6.4 Etiek

Die plek en funksie van etiek in die pastoraat word tans nie dieselfde deur alle praktiese teoloë gesien nie. By teoloë soos Brillenburg Wurth (1955), Adams (1973), Trimp (1981) en Clinebell (1984) word vanuit 'n direktiefetiese vertrekpunt in pastoraat uitgegaan. Op verskillende wyses gebruik bogenoemde teoloë die pastorale geleentheid om na die persoon se verhaal te luister en om vanuit 'n Skriftuurlike oogpunt leiding te gee. In reaksie op die direktiewe benadering word deesdae maklik 'n karikatuuragtige voorstelling daarvan gemaak, asof die pastor na 'n paar oomblikke se luister die Bybel nader trek om die antwoord van God en die oplossing vir die probleem aan te kondig (Janse van Rensburg 1999:160).

Die hantering van etiek in pastoraat kan die gevaar loop om vanuit kontekstuele situasie-etiek uit te gaan. In hierdie geval is nie die rede die bepalende beginsel nie, maar die uitredeneer van wat in die *kairos*-oomblik van 'n gegewe situasie die morele oplossing is (Fletcher 1966:47). Aan die ander kant is die postmodernisme wat Du Plooy (1995:37) laat opmerk dat die pastor nooit oor die antwoorde kan beskik nie.

'n Deduktiewe benadering wat die etiek in bepaalde teologiese grondmotiewe fundeer, veronderstel noodwendig 'n direktiewe benadering in pastoraat (Janse van Rensburg 1999:159). 'n Verbondmatige paradigma het in die lig hiervan 'n direktiewe benadering. Dit is egter nie onversoenbaar met 'n hermeneutiese model nie. Daarom is dit nie vreemd nie dat Sweeney (1989:17) kan opmerk dat daar 'n implisiete narratiewe etiek in verbondsteologie opgesluit lê. Die hantering van die narratief vind egter nie in hierdie geval plaas soos by Roux & Kotze (1997:65) nie. Hulle verwys na die dekonstruksie van narratiewe waardeur vasgestel word watter scenario vir die persoon die beste is. Omdat daar nie absolute waarheid en waardes in so 'n benadering is nie, sou die pastor nie sy waardes op die persoon in beraad kon afdwing nie (Janse van Rensburg 1999:160).

Die implisiete narratiewe etiek waarna Sweeney (1989:17) verwys, beteken onder andere dat 'n mens nie etiese besluite los van die geloofsgemeenskap, in 'n vakuum, neem nie. Dit beteken ook dat die totale mens deur hierdie waardes beïnvloed en verander word. Laastens beteken dit dat die verhaal van die Opgestane Heer vertel en geleef moet word. Noyce (1989:42) sluit hierby aan wanneer hy dit stel dat dit nie slegs die "ek" is wat moet besluit nie, maar Christus in my.

Christiansen (1995:62) wys daarop dat die verbond grense afbaken – die grens van "behoort aan God". Verbondsidentiteit kan nie van God se seën en beloftes geskei word nie, en ook nie van verbondsverpligtinge nie. Trouens, die verbondswet reël die verbondsverhouding (De Klerk 1985: 27). Persone wat in 'n verbondsverhouding met die Here staan, verbind hulself lewenslank tot 'n spesifieke lewenstyl. God se Woord en wet is 'n integrale en onlosmaaklike deel van die verbond weens die dupleuriese bestemming van die verbond (Heyns 1988:219-220).

Dit is duidelik uit bogenoemde dat 'n verbondmatige paradigma 'n direktief-etiese benadering sal volg. Die karakter van direktiewe pastoraat moet egter kontroleer word deur die pastorale grondhouding van liefde, begrip, aanvaarding en respek (De Klerk 1978:22-24). Verder wys Janse van Rensburg (1999:165 e.v.) daarop dat direktiewe pastoraat deur geloof en vertroue gedra word. (Vertroue is juis een van die belangrike aspekte van die verbond.):

> Die liefde van Christus word die dringende krag wat ons verbondslewe van gehoorsaamheid inisieer (2 Kor. 5:14) en wat 'n sleutelrol in die proses van genesing vervul (Clinebell 1984:61). Daarom is liefde inderdaad die hartklop van die verbondswet en van die pastoraat.

# 7. PRAKTYKTEORETIESE IMPAK VAN VERBOND

'n Paradigma vind neerslag in 'n bepaalde praktykteorie. 'n Verbondmatige paradigma vir pastoraat sal dus uiteraard ook 'n spesifieke neerslag vind in 'n praktykteorie. Weens die besondere klem wat 'n verbondmatige paradigma sal lê, word veral aan 'n hermeneutiese benadering aandag gegee. Die pastorale verhouding kan juis na analogie van die verbond ingeklee word en word in paragraaf 7.2 uitgelig. Laastens word aangetoon dat die verskynsel van "oordrag" wat in terapeutiese situasies voorkom, baie goed vanuit 'n verbondmatige benadering hanteer kan word.

## 7.1 Hermeneutiese pastoraat

Die tegniek van verhaalanalise speel 'n belangrike rol in pastoraat (vergelyk onder andere Louw 1998:133). Die verhaal van 'n persoon se lewe sien Gerkin (1984:112) as 'n uitdrukking van die diep kragte wat in die lewe van die siel 'n rol speel; daarom dat verhaalanalise so 'n belangrike rol behoort te speel. So 'n hermeneutiese aanpak tot pastoraat moet erns maak met al die betrokke verhale. Die verbondsgeskiedenis is die verhaal van God se bemoeienis met die mens. Dit is een van die verhale wat in ag geneem moet word. Die ander verhale sluit in die verhaal van die pastorale konteks, die verhaal van die betrokkenes en die verhaal van die pastor. Waar hierdie verhale sinvol geïntegreer word, is pastoraat suksesvol (Muller 1993:348).

Die impak van die verbond op hermeneutiese pastoraat word deur Louw (1998:132) verduidelik wanneer hy praat oor die verstaan van 'n persoon se lewensverhaal. Uitleg van 'n persoon se lewensverhaal vind in die teenwoordigheid van God plaas. God se nabyheid en teenwoordigheid het 'n vertroostende effek. Hierdie vertroostende effek word die eiesoortige dimensie van waaruit pastoraat probeer om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te verstaan.

## 7.2 Pastorale verhouding na analogie van verbond

Becker (1965:1 e.v.) is van mening hoe nader pastorale versorging aan die verbondsverhouding is, hoe meer sal pastorale sorg in sy doel slaag. Hy tref verder 'n paar analogieë tussen die verbondsverhouding met God en die pastorale situasie. Persoon en simboliese persoon ontmoet mekaar in die verbond tussen God en mens. Abraham verteenwoordig ook sy nageslag. Die Here verskyn in menslike vorm aan Abraham, maar is oneindig meer as wat die menslike verstand begryp. In die pastorale situasie is die pastor

die bekende persoon en tegelyk ook die simboliese persoon wat die Woord van God verteenwoordig. Die persoon wat aanklop vir hulp is daar as individu, maar ook as simboliese persoon wat sy/haar gesin en agtergrond verteenwoordig.

Die eskatalogiese perspektief van die verbond is ook 'n belangrike analogie vir die patorale situasie (Becker 1965:4). Die vervulling van die potensiaal van die deelnemers aan die verbond is in die verbond belangrik. Net so moet die pastor die persoon wat kom hulp soek, help om al meer te word wat hy/sy reeds in die verbond van genade is. Hier is geleentheid vir die persoon om in die pastorale verhouding sy/haar identiteit as verbondsmens te leer ken. Die verbondsverhouding binne die pastoraat bied ook die geleentheid om iets van God se aanvaardende genade binne die verbond uit te druk (Atkinson 1985:59).

### 7.3 Oordrag

"Oordrag" is 'n bekende verskynsel in terapie wat juis vanuit 'n verbondmatige paradigma baie goed hanteer kan word. 'n Vroeëre verhouding, byvoorbeeld van die klein kind met die ouers, word nou in die nuwe weergawe van die pastorale verhouding herleef. (Vergelyk in hierdie verband Rothgeb 1973:156-158 en Greenson 1974-75:774.) Dit is 'n onbewustelike proses wat as hanteringsmeganisme vir vrees gebruik word. Vanuit 'n verbondmatige benadering kan 'n persoon daartoe begelei word om die afhanklikheid wat as gevolg hiervan van die pastor beleef word, na 'n afhanklikheid van die Here van die verbond te verskuif. In die pastorale verhouding moet daar 'n verbintenis wees tot God as die derde party in die verhouding (Hester 1980:227). Rekenskap word ook aan die verbondsgemeenskap, wat God se agent in die proses is, gegee.

## 8. GEVOLGTREKKING

Die navorsingshipotese dat die verbond 'n impak sal hê op al die elemente van 'n paradigma, asook op die hulpmiddels wat in pastoraat gebruik word, is in die voorafgaande paragrawe geïllustreer. Die inkleding van 'n paradigma na aanleiding van die verbond verdiep die ander kategoriale keusemoontlikhede wat tot dusver in pastoraat toegepas is. Vanuit 'n verbondmatige paradigma word 'n persoon se Godsbegrip verryk met die gedagte van God wat 'n bondgenoot wil vind. Die beloftes in die Bybel word binne die konteks van die Verbondsgod wat altyd woord hou, iets kosbaars. Die vaardigheid om jouself oor te gee en die moed te hê om jou saak ernstig te stel teenoor die Ander en die ander in 'n persoon se lewe, is van kardinale

belang. Die belangrike rol wat die verbondsgemeenskap speel in lewenswaardes wat teenoor hulle getoets word, is juis iets wat vanweë 'n verbondmatige benadering duidelik word.

In die lig van al bogenoemde kan dit nie anders nie as dat 'n verbondmatige paradigma ook 'n beduidende impak sal hê op die praktyk van pastoraat. Trouens, die studie het illustreer wat Becker (1965:1) sê: hoe nader pastorale versorging aan die verbondsverhouding is, hoe meer sal pastorale sorg in sy doel slaag. In 'n paar paragrawe word dan ook laastens geïllustreer hoe die verbond die praktyk van die pastorale verhouding op 'n besondere wyse aanraak. Die impak van die verbond op 'n paradigma vir pastoraat word sigbaar in die boustene van daardie paradigma (paragraaf 4), beïnvloed die inhoudelike van die paradigma (paragraaf 5) en stuur die praktyk van die pastoraat in 'n duidelike rigting (paragraaf 6). 'n Verbondmatige paradigma bied die geleentheid om die sorg van die Verbondsgod optimaal uit te leef. Dit is immers Sy verbondsbelofte: "Ek sal vir jou 'n God wees en jy moet vir my 'n volk wees".

# BIBLIOGRAFIE

ADAMS J E
1973. *Competent to counsel*. Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ATKINSON D
1985. Covenant and counselling: some counselling implications of a covenant theology. *Christian Brethren Review* 35:55-73.

BECKER A H
1965. The covenant and pastoral care. *The Journal of Pastoral Care* 14 (1):1-10.

BERKOUWER G C
1957. *De mens het beeld Gods*. Kampen: Kok.

BRILLENBURG WURTH G
1955. *Christelijke zielszorg in het licht der moderne psychologie*. Kampen: Kok.

BRUEGGEMANN W
1979. Covenanting as human vocation. A discussion of the relation of Bible and pastoral care. *Interpretation* 33(2):115-129.

1980. Covenant as a subversive paradigm. *The Christian Century* 97:1094-1099.
1999. *The covenanted self: explorations in law and covenant*. Minneapolis: Fortress Press.

CLINEBELL H
1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.

CHRISTIANSEN E J
1995. *The covenant in Judaism and Paul — A study of ritual boundaries as identity markers*. Leiden: E. J. Brill.

DE KLERK J J
1978. *Herderkunde*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
1985. *Verbond en bediening*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

DETWILER-ZAPP D & DIXON W C
1982. *Lay caregiving*. Philadelphia: Fortress Press.

DUMBRELL W J
1984. *Covenant and creation — An Old Testament covenantal theology*. New South Wales: The Paternoster Press.

DU PLOOY C W
1995. Paradigmatic points of departure for pastoral care. *Praktiese Teologie in Suid Afrika* 10(2):27-39.

FLETCHER J
1966. *Situation ethics*. London: SCM Press.

GERBER J M
1990. Verantwoordelike menswees in perspektief van die genadeverbond. *NGTT* 31(1):53-62.

GERKIN C V
1984. *The living human document — revisioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon Press.

GOULDNER A W
1976. *The dialectic of ideology and technology*. New Your: Seabury Press.

HEITINK G
1977. *Pastoraat als hulpverlening: inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

HESTER R L
1980. Transference and covenant pastoral care. *Pastoral Psychology* 28(4):223-232.

HEYNS J A
1988. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

JANSE VAN RENSBURG J
1996. Verbond en pastoraat — Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *NGTT* 32(2): 152-165.
1999. Etiek en pastoraat in hermeneutiese konteks. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(2):158-167.

JONKER W D
1989. *In diens van die Woord*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

KAMPHUIS J
1994. *Een euwig verbond*. Haarlem: Uitgeverij Vijlbrief.

KÖNIG A
1988. Koninkryksteologie of verbondsteologie? *HTS* 44(2):355-364.
1991. *Bondgenoot en beeld. Gelowig nagedink oor die wese van die mens en die sonde*. Johannesburg: NG Kerk Boekhandel.

LOUW D J
1998. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Kaapstad: Lux Verbi.

MÜLLER J
1993. Kinderloosheid: 'n pastoraal-etiese benadering. *NGTT* 34(2):345-353.

PIPPIN R B
1991. *Modernism as a philosophical problem: on the dissatisfactions of European high culture*. Cambridge: Blackwell.

RENDTORF R
1998. *The covenant formula — an exegetical and theological investigation*. Edinburgh: T&T Clark Ltd.

ROTHGEB C L
1973. *Abstracts of the standard edition of the complete works of Sigmund Freud*. New York: Jason Aronson.

ROUX J P & KOTZE D J
1997. Die koinoniale konstruksie van 'n toerustingsprogram vir narratiewe pastorale sorg. *Acta Theologica* 17(1):51-72.

SWEENEY J M
1989. The implicit narrative ethic in covenant theology. *Covenant Quarterly* 39: 16-34.

THURNEYSEN E
1957. *Die Lehre von der Seelsorge*. Zurich: Theologischer Verlag.

TRIMP C
1981. *Media Vita*. Groniger: De Vuurbraak.

VON RAD G
1962. *Old Testament Theology*. Volume 1. New York: Harper.

WENTSEL B
1982. *De openbaring, het verbond en de apriori's. Dogmatiek deel 2*. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

WINNICOT D W
1965. *The maturational process and the facilitating environment: studies in the theory of emotional development*. Madison, Conn: International University Press.

WOELDERINK J G
1974. *Verbond en bevinding*. Amsterdam: Ton Bolland.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| Pastoraat | Pastoral Care |
| Paradigma | Paradigm |
| Verbond | Covenant |